

Woensdag 23 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 25:13-27

Fokusverse: Handeling 25:19, 22, 26-27

Instrument in die hand van die Here – ook vir die wêreld

Soos ons vorder met Handeling, sou die gedagte definitief by ons opgekom het: Hoekom sloer Paulus se saak so? Van die Jode af na wie weet watter Romein wat ons aan kan dink, selfs tot by die keiser. En die Romeine wat nie 'n besluit oor die saak kan neem nie. In die vorige hoofstukke sien ons Feliks laat vir Paulus aanhou, en in Paulus se aanhouding word Feliks weer deur Festus opgevolg ... Niks kom tot 'n konklusie nie. Waarom nie?

Festus, wat hier as regter in Paulus se saak optree, gee vir ons die rede (lees vs 19). Ons as kerk van die Here vergeet maklik: Hoewel die wêreld daarbuite glad nie in Christus glo nie, hoor hulle tog van Hom. Die vestiging van die Here se kerk het groter gevolge as wat ons ooit menslik beseef. Die goddelose en ongelowige wêreld sal by die oordeelsdag nie kan sê hulle het nie geweet nie. Koning Agrippa en sy suster Bernice is 'n verdere bewys hiervan. Koning Agrippa kom na Seserea toe oor wêreldse sake. Hulle kom verwelkom en groet die opvolger van Feliks. En hier sê 'n wêreldse man vir Agrippa: "Ek kry 'n saak nie opgelos nie." Agrippa antwoord in vers 22: "Ek sal graag hierdie man se saak wil hoor." So moet Paulus as instrument in die Here se hand, deur die werking van die Heilige Gees, ook vir die wêreld van Christus laat hoor. Of hulle glo of nie, is nie Paulus se verantwoordelikheid nie, die Here is die Een wat die geloof bewerk. Ons moet net weet: elke gebeurtenis in die geskiedenis raak die gelowiges. In die gebeurtenisse moet ons altyd wys ons ken ons Here Jesus Christus.

Met die aanhoor van Paulus se saak sien ons dat 'n groot wêreldse "optog" die hofsaal binnekom (lees vs 23). Al die bekendes van die gebied is daar. Almal van hulle gaan hoor dat Jesus Christus die Verlosser is en dat Hy die dood oorwin het. Die wêreld hoor die saak! Met die uitspraak van die saak van Paulus, word ons herinner aan Pontius Pilatus en ons Here Jesus Christus: "Ek vind geen skuld in hierdie Man nie" (lees weer vs 26, 27). Geen aanklag kan gevind word nie.

Wanneer dit voel die wêreld druk ons vas, en wanneer dit vir ons voel iets kom nie tot 'n punt nie – sien ons nog die groter prentjie raak? Die Here gebruik ons in die einste omstandigheid. Hy gee aan ons sy Heilige Gees om met vrymoedigheid sy Woord uit te dra. En om dit so uit te dra dat die wêreld geen aanklag kan gee nie!

Sing: Skrifberyming 5-4 (10):1, 5, 6

Ds. MH le Roux (Marco) (Reitz/Lindley)